



MEd (PSIG) 2022

OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE

INLIGTING:

Sien Jaarboek 2021 Deel 1 & Deel 6, of open onderstaande ingebedde skakel [2021-Opvoedkunde.pdf \(sun.ac.za\)](#)

- 1. Die doel van die program:** Sien Jaarboek 2021 Deel 6, bladsy 73–75
Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties-gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van 12 maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) (*Health Professions Council of South Africa – HPCSA*) kan registreer.
- 2. Toelatingsvereistes:** *Sien Jaarboek 2021 Deel 6, bladsy 73–75*
 - **BEdHons in Opvoedkundige Sielkunde** (dus BPsig-ekwivalent) of **BEdPsig of 'n goedgekeurde graad in Sielkunde.**
 - **Sielkunde tot op derdejaarsvlak is 'n vereiste.**
 - 'n Goedgekeurde **onderwyskwalifikasie** verwerf by 'n goedgekeurde opvoedkundige instelling van 'n erkende nasionale hoëronderwysinstelling en geakkrediteer volgens die voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op NKR-vlak 7 (byvoorbeeld NOS of BEd). In die geval van 'n internasionale kwalifikasie, moet die kwalifikasie deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAQA) geverifieer word as 'n ekwivalent van 'n Suid-Afrikaanse onderwyskwalifikasie (sien www.saga.org.za). Die amptelike dokumente moet saam met die aansoek vir die program ingehandig word.
 - 'n **Minimum van twee jaar** onderwyserervaring (hierdie ervaring moet ná die voltooiing van die onderwyskwalifikasie by 'n formele opvoedkundige instelling opgedoen word). Ervaring moet gegrond wees op formele ervaring as 'n onderwyser/opvoeder en op 'n permanente basis. Praktiese ondervinding (proef-onderwys) tydens onderwysopleiding asook internskap sal nie as onderwyserervaring erken word nie.
 - 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of Sielkunde-georiënteerde vakke op honneursvlak (NKR-vlak 8).
 - Indien enige ander kwalifikasies wat as 'gelykwaardig' aan bogenoemde kwalifikasies beskou word, ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.
- 3. Sluitingsdatum vir aansoek:**
Sien Jaarboek 2021 Deel 6, bladsy 73-75

30 JUNIE VAN DIE VOORAFGAANDE JAAR VAN VOORNEMENDE STUDIE



4. Keuring:

Die keuringsproses vind in twee fases plaas.

Fase 1: Tydens dié fase sal aansoeke nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen. Die inhandiging van 'n aansoekvorm verseker nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.

Fase 2: Die keuringsproses vir 2022–2023 vind plaas by die Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch. Kandidate wat kwalifiseer en **Fase 2** van die keuring moet bywoon, sal ná Julie per e-pos ingelig word.

- Datums vir Fase 2: Maandag 27 September – Donderdag 30 September 2021
- Dokumente soos CV's, verwysingsverslae en meer inligting sal versoek word.

5. Duur en program-aanbieding: Twee jaar deelyds:

Eerste jaar: **Akademie modules** en goedkeuring **van die navorsingsvoorstel**.

Tweede jaar: **Praktikum-modules**, goedkeuring **van die internskapprogram** (inhandiging einde Julie) en voltooiing van **tesis**.

Derde jaar: 'n Verdere **voltydse goedgekeurde internskap van 12 maande** (wat deur die student gereël word) moet voltooi word.

Registrasie: Die Beroepsraad-eksamen moet geslaag word voordat 'n student in aanmerking kan kom om as 'n opvoedkundige sielkundige by die RGBSA (HPCSA) te registreer.

6. Programstruktuur:

Sien Jaarboek 2021 Deel 6, bladsy 73-75

7. Aansoekproses:

7.1 Aansoek aanlyn: Volg www.maties.com. Indien u enige probleme met die aanlyn proses ondervind, kontak Kliëntediens by info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7.2 Indien u reeds by die Universiteit geregistreer is in die jaar waarin u aansoek doen, kontak me E Louwrens by eel@sun.ac.za.

7.3 Geen sig (harde) kopie-aansoeke word aanvaar nie.

8. Programkoste:

Sien Jaarboek 2021 Deel 3 bladsy 10-11, besoek:

[http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2021-](http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2021-StudentFees.pdf)

[StudentFees.pdf](http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/2021-StudentFees.pdf) of kontak US Studentegelde studentegelde@sun.ac.za | 021 808 4521/4913

9. Verdere navrae oor akademiese kwalifikasies:

Me E Louwrens by eel@sun.ac.za

10. Departementele navrae:

Me K Conradie, Programkoördineerder (karlienL@sun.ac.za) of

Me C Fortuin, Departementele Beampte (cfortuin@sun.ac.za)

